Bid op jou knieë

Die gebed van ’n gelowige is, is vir God soos ’n wierookoffer. Die wierookoffer in die tabernakel was net vir God bedoel. Dit het lekker geruik. Die Bybel vertel vir ons in Openbaring 5:8 dat die gebede van die gelowiges is ’n goue bak vol wierook voor God en Koning David sê in Psalm 141:2 “Mag my gebed voor U wees soos ‘n wierookoffer”.

Deur te bid bring ons onophoudelik deur Jesus aan God ’n offer van lof. Die lof wat aan Hom gebring word deur ons lippe wat sy Naam bely (Hebreërs 13:15)

Gebed is om naby aan God te leef. Probeer om eenmaal per dag op jou knieë te bid. Dit gaan beteken dat jy gaan moet moeite doen deur af te buk, jy gaan minder word. Dit is ’n doelbewuste aksies, maar die meeste waardevolste oomblik tussen jou en God die Vader.

Die langste vinger laat jou dink aan al die baie dinge waarvoor jy kan dankie sê. Jy mag nie daaraan gewoond raak nie – jy moet elke dag besef dat alles wat jy het van God af kom

Die ringvinger laat jou aan ander mense dink, want „n ring is die teken dat jy aan iemand anders verbind is. Bid vir ander – noem hulle name. Ook vir dié van wie jy nie hou nie en wat jou kwaad maak.

Pinkie is die kleinste en swakste. Jyself is nie so belangrik as wat jy soms dink nie. Jy mag ook jou eie behoeftes vir die Here noem.

Terwyl jou duim na die hemel wys, wys jou wysvinger na jouself. As jy aan God dink wat groot, heilig en volmaak is, word jy hartseer omdat jy wat klein en sondig is, tog so baie keer net aan jouself dink. Vertel Hom hoe jy oor jouself voel en vra Hom om jou sonde te vergewe.

Probeer een maal per dag op jou knieë bid. Verder kan jy die res van die dag gedurig met God gesels oor enige iets

Dis die sterkste vinger en wys na bo. Heel eerste bid jy vir die dinge van God se koninkryk. Vertel vir God hoe jy oor Hom voel. Hoe wonderlik Hy vir jou is.

God's Story: Prayer
https://www.youtube.com/watch?v=ZrdlXOk_QdQ
Talking to God:
https://www.youtube.com/watch?v=ZG9uy0WtK98